*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*


**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**
**Overseas 30c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

VOL. 166] CAPE TOWN, 5 APRIL 1979 [No. 6390
KAAPSTAD, 5 APRIL 1979


DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 746. 5 April 1979.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 29 of 1979: General Pensions Act, 1979.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 746. 5 April 1979.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 29 van 1979: Algemene Pensioenwet, 1979.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To consolidate certain laws relating to pensions generally; and to provide for incidental matters.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 26 March 1979.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

"annuity" means an amount which is payable each year and includes a pension or an allowance;

"benefit" means an amount of money;

"Government Employees' Provident Fund" means the Government Employees' Provident Fund referred to in section 2 (3) of the Government Service Pensions Act, 1965 (Act No. 62 of 1965);

"Government Non-White Employees' Pension Fund" means the pension fund established for Government non-White employees by the regulations made under section 2 of the Government non-White Employees' Pensions Act, 1966 (Act No. 42 of 1966);

"Government Service Pension Fund" means the Government Service Pension Fund established by section 3 of the Government Service Pension Act, 1973 (Act No. 57 of 1973);

"Minister" means the Minister of Social Welfare and Pensions;

"pension fund" means a pension or provident fund or scheme established by or under any pension law;

"pension law" means any law, including this Act, relating to a pension fund administered by or under the control of the Minister, and includes any regulation made under any such law;

"Secretary" means the Secretary for Social Welfare and Pensions.

## CHAPTER 1

### GENERAL PROVISIONS

Prohibition on cession and attachment of annuities and benefits.

**2.** (1) No annuity or benefit or right in respect of an annuity or benefit payable under a pension law shall be capable of being assigned or transferred or otherwise ceded or of being pledged or hypothecated or, save as is provided in section 11 (2) of the Maintenance Act, 1963 (Act No. 23 of 1963), be liable to be attached or subjected to any form of execution under a judgment or order of a court of law.

(2) If any person attempts to assign or transfer or otherwise cede or to pledge or hypothecate any annuity or benefit to

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# WET

**Tot samevatting van sekere wetsbepalings betreffende pensioene in die algemeen; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 26 Maart 1979.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing.

**1.** Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

„jaargeld" 'n bedrag wat elke jaar betaalbaar is en ook 'n pensioen of toelae;

„Minister" die Minister van Volkswelsyn en Pensioene;

„Pensioenfonds vir Nie-blanke Regeringswerknemers" die Pensioenfonds vir Nie-blanke Regeringswerknemers wat ingestel is by die regulasies wat uitgevaardig is kragtens artikel 2 van die Wet op Pensioene vir Nie-blanke Regeringswerknemers, 1966 (Wet No. 42 van 1966);

„pensioenfonds" 'n pensioen- of voorsorgfonds of -skema wat by of kragtens 'n pensioenwet ingestel is;

„pensioenwet" enige wet, met inbegrip van hierdie Wet, met betrekking tot 'n pensioenfonds wat deur of onder beheer van die Minister geadministreer word, en ook 'n regulasie wat kragtens so 'n wet uitgevaardig is;

„Regeringsdienspensioenfonds" die Regeringsdienspensioenfonds wat ingestel is by artikel 3 van die Regeringsdienspensioenwet, 1973 (Wet No. 57 van 1973);

„Regerings-werknemersondersteuningsfonds" die Regerings-werknemersondersteuningsfonds bedoel in artikel 2 (3) van die Regeringsdienspensioenwet, 1965 (Wet No. 62 van 1965);

„Sekretaris" die Sekretaris van Volkswelsyn en Pensioene;

„voordeel" 'n bedrag geld.

## HOOFSTUK 1

### Algemene Bepalings

Verbod op sessie van en beslaglegging op jaargelde en voordele.

**2.** (1) Geen jaargeld of voordeel of reg ten opsigte van 'n jaargeld of voordeel wat betaalbaar is kragtens 'n pensioenwet kan oorgemaak of oorgedra of andersins gesedeer of verpand of verhipotekeer word nie of is, behalwe soos bepaal in artikel 11 (2) van die Wet op Onderhoud, 1963 (Wet No. 23 van 1963), vir beslaglegging vatbaar of aan enige vorm van eksekusie ingevolge 'n vonnis of bevel van 'n geregshof onderworpe nie.

(2) Indien iemand poog om 'n jaargeld of voordeel waarop hy kragtens 'n pensioenwet geregtig is of 'n reg ten opsigte van

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



which he is entitled under any pension law or any right in respect of such annuity or benefit, payment of such annuity or benefit may be withheld, suspended or discontinued if the Minister so directs: Provided that the Minister may direct that such annuity or benefit or a part thereof be paid to one or more of the dependants of such person or to a trustee for such person or his dependants during such period as the Minister may determine.

(3) Notwithstanding the provisions of subsection (1) or of any other law—

*(a)* any amount which is payable to the Government, a provincial administration or a pension fund by any person in the employ of the Government or a provincial administration on the date of his retirement or discharge, or which the Government or a provincial administration is liable to pay in respect of such person;

*(b)* any amount which has been paid to any person in accordance with the provisions of a pension law and to which such person was not entitled;

*(c)* the amount of any loss certified by the Auditor-General or a provincial auditor to have been sustained by the Government or a provincial administration through theft, fraud, negligence or any misconduct on the part of any person,

may be deducted from the annuity or benefit payable to such person under any pension law in a lump sum or in such instalments as the Secretary may determine.

(4) Where a person in the employ of the Government or a provincial administration dies before the last day of a period in respect of which any salary or allowance was paid to him prior to his death, a *pro rata* part of the amount so paid may be recovered in respect of the unexpired portion of that period by deducting it in a lump sum, or in such instalments as the Secretary may determine, from the annuity or benefit payable to the estate or to a dependant of the deceased under a pension law.

Annuity not asset in insolvent estate.

**3.** The annuity received under any pension law by any person whose estate is sequestrated, shall not form part of the assets in his insolvent estate.

Cessation date of annuities.

**4.** An annuity payable under a pension law shall, notwithstanding anything to the contrary in any law contained, be payable until the last day of the month in which the pensioner concerned dies.

Payment of annuities and benefits to persons other than persons entitled thereto.

**5.** If the Secretary is satisfied that it is undesirable for any reason to pay the whole amount of any annuity or benefit payable to any person under a pension law, directly to such person, the Secretary may order that such annuity or benefit or a portion thereof be paid to some other person on such conditions as to its administration for the benefit of such first-mentioned person or his dependants as the Secretary may determine.

Time limit in respect of certain actions.

**6.** (1) Any legal proceedings against the Government, the Minister or any other Minister, or any Administrator or any person in the employ of the Government or a provincial administration in respect of any act performed in terms of a pension law or any failure to perform any act in terms of a pension law, shall be commenced within 12 months as from the date upon which the plaintiff had knowledge or could reasonably have had knowledge of such act or failure.

(2) No legal proceedings referred to in subsection (1) shall be commenced before the expiry of one month after service on the Minister, Administrator or any person concerned, of a notice in writing of the intention to institute such proceedings, and particulars as to the alleged act or failure which constitutes the cause of action, shall be clearly and explicitly given in such notice.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



daardie jaargeld of voordeel oor te maak of oor te dra of andersins te sedeer of te verpand of te verhipotekeer, kan betaling van daardie jaargeld of voordeel weerhou, opgeskort of gestaak word indien die Minister dit gelas: Met dien verstande dat die Minister kan gelas dat daardie jaargeld of voordeel of 'n gedeelte daarvan aan een of meer van die afhanklikes van so iemand of aan 'n kurator ten behoewe van so iemand of sy afhanklikes betaal word gedurende die tydperk wat die Minister vasstel.

(3) Ondanks die bepalings van subartikel (1) of van 'n ander wet kan—

(*a*) 'n bedrag wat deur iemand in diens van die Regering of van 'n provinsiale administrasie aan die Regering, 'n provinsiale administrasie of 'n pensioenfonds betaalbaar is op die datum van sy uitdienstreding of ontslag, of wat die Regering of 'n provinsiale administrasie ten opsigte van so iemand moet betaal;

(*b*) 'n bedrag wat ooreenkomstig die bepalings van 'n pensioenwet aan iemand betaal is en waarop so iemand nie geregtig was nie;

(*c*) die bedrag van 'n verlies wat die Ouditeur-generaal of 'n provinsiale ouditeur sertifiseer deur die Regering of 'n provinsiale administrasie gely is as gevolg van diefstal, bedrog, nalatigheid of wangedrag aan die kant van iemand,

in 'n enkele bedrag of in die paaiemente wat die Sekretaris bepaal, afgetrek word van die jaargeld of voordeel wat aan so iemand kragtens 'n pensioenwet betaalbaar is.

(4) Waar iemand in diens van die Regering of 'n provinsiale administrasie sterf voor die laaste dag van 'n tydperk ten opsigte waarvan salaris of toelae voor sy dood aan hom betaal is, kan 'n *pro rata*-deel van die bedrag wat aldus betaal is, ten opsigte van die onverstreke gedeelte van daardie tydperk verhaal word deur dit in 'n enkele bedrag, of in die paaiemente wat die Sekretaris bepaal, af te trek van die jaargeld of voordeel wat kragtens 'n pensioenwet aan die boedel of aan 'n afhanklike van die oorledene betaalbaar is.

Jaargeld nie bate in insolvente boedel nie.

**3.** Die jaargeld wat kragtens 'n pensioenwet ontvang word deur iemand wie se boedel gesekwestreer word, maak nie deel van die bates in sy insolvente boedel uit nie.

Stakingsdatum van jaargelde.

**4.** Ondanks andersluidende wetsbepalings is 'n jaargeld wat kragtens 'n pensioenwet betaal word, betaalbaar tot die laaste dag van die maand waarin die betrokke pensioentrekker sterf.

Betaling van jaargelde en voordele aan ander persone as reghebbende.

**5.** Indien die Sekretaris oortuig is dat dit om die een of ander rede nie wenslik is om die hele bedrag van 'n jaargeld of voordeel wat kragtens 'n pensioenwet aan iemand betaalbaar is, regstreeks aan so iemand te betaal nie, kan die Sekretaris gelas dat daardie jaargeld of voordeel of 'n gedeelte daarvan aan iemand anders betaal word op die voorwaardes wat die Sekretaris bepaal betreffende die beheer daarvan ten bate van eersbedoelde persoon of sy afhanklikes.

Tydsbeperking ten opsigte van sekere vorderingsregte.

**6.** (1) Enige regsgeding teen die Regering, die Minister of 'n ander Minister, of 'n Administrateur of iemand in diens van die Regering of 'n provinsiale administrasie ten opsigte van 'n handeling wat ingevolge 'n pensioenwet verrig is of ten opsigte van 'n versuim om 'n handeling ingevolge 'n pensioenwet te verrig, moet ingestel word binne 12 maande vanaf die datum waarop die eiser daardie handeling of versuim te wete gekom het of redelikerwys daarvan kon geweet het.

(2) 'n Regsgeding bedoel in subartikel (1) word nie ingestel nie voordat 'n maand verloop het na die bestelling aan die betrokke Minister, Administrateur of persoon van 'n skriftelike kennisgewing waarin die voorneme om sodanige regsgeding in te stel, en besonderhede aangaande die betrokke handeling of versuim wat die eisoorsaak uitmaak, duidelik en uitdruklik uiteengesit word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Application of annuities and benefits for payment of certain debts.

7. (1) If the Minister or, if authorized thereto by the Minister, the Secretary is satisfied that—

*(a)* any contributions or moneys due or payable by a pensioner to any medical aid fund or medical aid society established by or in terms of or recognized by the Public Service Commission in accordance with any regulations made under section 26 (1) of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), have not been paid; or

*(b)* any judgment or order for the payment of money given or made before or after the commencement of this Act by a court of law against a pensioner in any judicial proceedings for the dissolution of the marriage between such pensioner and his spouse, has not been satisfied in full,

the Minister or the Secretary, as the case may be, may, notwithstanding anything to the contrary in any law contained, at his discretion direct that so much of any annuity or benefit payable to such pensioner under any pension law as does not exceed the amount of the contributions or moneys which have not been paid or the amount of the judgment or order which has not been satisfied, shall be paid to such fund or such spouse, as the case may be, in such instalments or otherwise and at such times, in such circumstances and on such conditions as the Minister or the Secretary, as the case may be, may from time to time determine.

(2) The payment of any annuity or benefit or of any part thereof in terms of a direction under subsection (1), shall be a complete discharge of any liability to pay such annuity, benefit or part to the pensioner concerned.

(3) For the purposes of this section "pensioner" means any person to whom any annuity or benefit is payable, but does not include a person to whom any annuity or benefit is payable as the widow or dependant of any person.

Increase of certain annuities and payment of allowances and bonuses to certain pensioners.

8. (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained but subject to the provisions of this section, the Minister may from time to time with the concurrence of the Minister of Finance—

*(a)* authorize the increase of any annuity payable under any pension law or from the State Revenue Fund or from moneys appropriated by Parliament for the service of the Department administered by the Minister;

*(b)* authorize the payment of any allowance or bonus to any person who is in receipt of an annuity referred to in paragraph *(a)*,

in accordance with such rates or scales and in such circumstances and on such conditions and with effect from such date, which may be a date in the past, as the Minister may determine with the concurrence of the Minister of Finance.

(2) Different rates, scales, circumstances and conditions may be determined in terms of subsection (1) in respect of different classes or categories of annuities or in respect of different classes or categories of persons.

(3) Any increase of any annuity and any allowance or bonus payable under subsection (1) shall—

*(a)* if such annuity is payable from moneys appropriated by Parliament, be paid from revenue;

*(b)* if such annuity is payable from a pension fund or partly from a pension fund and partly from moneys appropriated by Parliament, be paid from revenue or from such pension fund or partly from revenue and partly from such pension fund in accordance with such ratio and in such manner and at such times and on such conditions as the Minister, with the concurrence of the Minister of Finance, may from time to time determine: Provided that any part of an allowance payable under this section from revenue to or in respect of any person who has retired or has been retired or discharged from the service of the Department of Posts and Telecommunications, or to any dependant of such a person, shall, if such person or dependant is a male person of or

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Aanwending van jaargelde en voordele vir betaling van sekere skulde.

**7.** (1) As die Minister of, indien daartoe deur die Minister gemagtig, die Sekretaris oortuig is dat—

*(a)* bydraes of gelde wat deur 'n pensioentrekker verskuldig of betaalbaar is aan 'n mediese hulpfonds of mediese hulpvereniging wat ingestel is by of ingevolge of erken is deur die Staatsdienskommissie ooreenkomstig enige regulasies wat uitgevaardig is kragtens artikel 26 (1) van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), nie betaal is nie; of

*(b)* nie ten volle voldoen is nie aan 'n vonnis of bevel vir die betaling van geld wat voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet gegee of uitgereik is deur 'n geregshof teen 'n pensioentrekker in geregtelike verrigtinge vir die ontbinding van die huwelik tussen bedoelde pensioentrekker en sy gade,

kan die Minister of die Sekretaris, na gelang van die geval, ondanks andersluidende wetsbepalings, na goeddunke gelas dat soveel van 'n jaargeld of voordeel wat aan bedoelde pensioentrekker betaalbaar is kragtens 'n pensioenwet as wat nie die bedrag van die bydraes of gelde wat nie betaal is nie of die bedrag van die vonnis of bevel waaraan nie voldoen is nie, te bowe gaan nie, aan daardie fonds of daardie gade, na gelang van die geval, betaal word in die paaiemente of andersins en op die tye en in die omstandighede en op die voorwaardes wat die Minister of die Sekretaris, na gelang van die geval, van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die betaling van 'n jaargeld of voordeel of van 'n deel daarvan ooreenkomstig 'n lasgewing kragtens subartikel (1) is afdoende nakoming van 'n verpligting om daardie jaargeld, voordeel of deel aan die betrokke pensioentrekker te betaal.

(3) By die toepassing van hierdie artikel beteken ,,pensioentrekker'' iemand aan wie 'n jaargeld of voordeel betaalbaar is, maar nie ook iemand aan wie 'n jaargeld of voordeel as die weduwee of afhanklike van iemand betaalbaar is nie.

Verhoging van sekere jaargelde en betaling van toelaes en bonusse aan sekere pensioentrekkers.

**8.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings maar behoudens die bepalings van hierdie artikel, kan die Minister van tyd tot tyd met die instemming van die Minister van Finansies—

*(a)* die verhoging goedkeur van 'n jaargeld wat betaalbaar is kragtens 'n pensioenwet of uit die Staatsinkomstefonds of uit gelde wat deur die Parlement bewillig word vir die diens van die Departement wat deur die Minister beheer word;

*(b)* die betaling goedkeur van 'n toelae of bonus aan iemand wat 'n jaargeld bedoel in paragraaf *(a)* ontvang,

ooreenkomstig die tariewe of skale en in die omstandighede en op die voorwaardes en met ingang van die datum, wat 'n datum in die verlede kan wees, wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

(2) Verskillende tariewe, skale, omstandighede en voorwaardes kan ingevolge subartikel (1) bepaal word ten opsigte van verskillende klasse of kategorieë jaargelde of ten opsigte van verskillende klasse of kategorieë persone.

(3) 'n Verhoging van 'n jaargeld en 'n toelae of bonus wat kragtens subartikel (1) betaalbaar is, word—

*(a)* indien daardie jaargeld betaalbaar is uit gelde wat deur die Parlement bewillig word, uit inkomste betaal;

*(b)* indien daardie jaargeld betaalbaar is uit 'n pensioenfonds of gedeeltelik uit 'n pensioenfonds en gedeeltelik uit gelde wat deur die Parlement bewillig word, betaal uit inkomste of uit daardie pensioenfonds of gedeeltelik uit inkomste en gedeeltelik uit daardie pensioenfonds ooreenkomstig die verhouding en op die wyse, tye en voorwaardes wat die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, van tyd tot tyd bepaal: Met dien verstande dat 'n gedeelte van 'n toelae wat kragtens hierdie artikel uit inkomste betaalbaar is aan of ten opsigte van iemand wat afgetree het of afgedank of ontslaan is uit die diens van die Department van Pos- en Telekommunikasiewese, of aan 'n afhanklike van so iemand, indien so iemand of so 'n afhanklike 'n man

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



over the age of 65 years, or if such person or dependant is a female person of or over the age of 60 years, be charged to the State Revenue Fund to the extent determined by the Minister.

(4) If the Minister, or an officer in the Department of Social Welfare and Pensions designated by the Minister for the purpose of this section, is satisfied that any allowance which is being paid to any person under subsection (1) *(b)*, should be cancelled, reduced or increased, he may, with due regard to the circumstances of such person and to the rates, scales, circumstances and conditions determined in terms of subsection (1), cancel, reduce or increase such allowance with effect from such date, which may be a date in the past, as he may determine.

(5) For the purposes of this section "revenue" means the State Revenue Fund or, in respect of any person who has retired or who has been retired or discharged from service under—

(i) the Department of Posts and Telecommunications, the Post Office Fund;

(ii) a provincial administration, the provincial revenue fund in question.

Period regarding payment of benefits.

**9.** Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, a benefit payable in terms of any pension law shall be paid to the person entitled to such benefit within a period of 60 days after the date on which the Secretary receives a duly completed statement in such form as he may determine for the purposes of this section or, if he receives such statement before the date on which a benefit is payable to the person concerned in terms of a pension law, the date on which such benefit is so payable.

## CHAPTER 2

### Pension Rights of Specified Persons

Regulations for payment of pension benefits to specified officers and their dependants.

**10.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, the Minister may, with the concurrence of the Minister of Finance, make regulations providing for the payment, subject to such conditions as may be prescribed in such regulations, of pension benefits—

*(a)* to any specified officer who retires or is retired or discharged on pension in terms of any law relating to his retirement or discharge on pension, or who so retires or is so retired or discharged—

(i) on account of continued ill-health which has not been occasioned by his own default;

(ii) owing to the abolition of his office or post or to any reduction in or reorganization or readjustment of the department or office in which he is employed;

(iii) on the ground that his discharge will for reasons other than his own unfitness or incapacity, promote efficiency or economy in the department or office in which he is employed;

(iv) on account of unfitness for his duties or incapacity to carry them out efficiently;

*(b)* to the dependants of any specified officer who dies before his retirement or discharge or within five years after the date of his retirement or discharge.

(2) Any pension benefit payable in terms of any regulation made under subsection (1) or deemed to have been made thereunder, shall be paid from the State Revenue Fund.

(3) Any regulation referred to in subsection (1) may be made with retrospective effect, and different regulations may be made in respect of different classes or categories of persons.

(4) For the purposes of this section "specified officer" means an officer as defined in section 1 of the Public Service Act, 1957

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



van 65 jaar of ouer is, of indien so iemand of so 'n afhanklike 'n vrou van 60 jaar of ouer is, teen inkomste in berekening gebring word in die mate wat die Minister bepaal.

(4) Indien die Minister of 'n beampte in die Departement van Volkswelsyn en Pensioene wat vir die doeleindes van hierdie artikel deur die Minister aangewys is, oortuig is dat 'n toelae wat kragtens subartikel (1) *(b)* aan iemand betaal word, gestaak, verminder of verhoog moet word, kan hy, met behoorlike inagneming van die omstandighede van daardie persoon en van die tariewe, skale, omstandighede en voorwaardes wat ingevolge subartikel (1) bepaal is, daardie toelae staak, verminder of verhoog met ingang van die datum, wat 'n datum in die verlede kan wees, wat hy bepaal.

(5) By die toepassing van hierdie artikel beteken „inkomste" die Staatsinkomstefonds of, ten opsigte van iemand wat afgetree het of afgedank of ontslaan is uit die diens van—

(i) die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, die Poskantoorfonds;

(ii) 'n provinsiale administrasie, die betrokke provinsiale inkomstefonds.

Tydperk met betrekking tot betaling van voordele.

**9.** Ondanks andersluidende wetsbepalings word 'n voordeel wat ingevolge 'n pensioenwet betaalbaar is aan die persoon wat op daardie voordeel geregtig is, betaal binne 'n tydperk van 60 dae na die datum waarop die Sekretaris 'n behoorlik voltooide staat, in die vorm wat hy vir die doeleindes van hierdie artikel bepaal, ontvang of, indien hy daardie staat ontvang voor die datum waarop 'n voordeel ingevolge 'n pensioenwet aan die betrokke persoon betaalbaar is, die datum waarop sodanige voordeel aldus betaalbaar is.

## HOOFSTUK 2

### PENSIOENREGTE VAN BEPAALDE PERSONE

Regulasies met betrekking tot betaling van pensioenvoordele aan bepaalde beamptes en hulle afhanklikes.

**10.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings kan die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, regulasies uitvaardig wat, behoudens die voorwaardes wat in sodanige regulasies voorgeskryf word, voorsiening maak vir die betaling van pensioenvoordele—

*(a)* aan 'n bepaalde beampte wat met pensioen aftree of afgedank of ontslaan word kragtens 'n wet wat op sy uitdienstreding, afdanking of ontslag met pensioen betrekking het, of wat aldus aftree of afgedank of ontslaan word—

(i) weens voortdurende swak gesondheid wat nie deur sy eie toedoen veroorsaak is nie;

(ii) weens die afskaffing van sy amp of pos of die vermindering in of reorganisasie of herreëling van die departement of kantoor waarin hy in diens is;

(iii) op grond daarvan dat sy ontslag om ander redes as sy eie ongeskiktheid of onvermoë, doeltreffendheid of besparing sal bevorder in die departement of kantoor waarin hy in diens is;

(iv) weens ongeskiktheid vir sy pligte of onvermoë om hulle op bekwame wyse uit te voer;

*(b)* aan die afhanklikes van 'n bepaalde beampte wat voor sy uitdienstreding, afdanking of ontslag of binne vyf jaar na die datum van sy uitdienstreding, afdanking of ontslag sterf.

(2) 'n Pensioenvoordeel betaalbaar ooreenkomstig 'n regulasie wat ingevolge subartikel (1) uitgevaardig is of geag word daarkragtens uitgevaardig te gewees het, word uit die Staatsinkomstefonds betaal.

(3) 'n Regulasie bedoel in subartikel (1) kan met terugwerkende krag uitgevaardig word, en verskillende regulasies kan ten opsigte van verskillende klasse of kategorieë persone uitgevaardig word.

(4) By die toepassing van hierdie artikel beteken „bepaalde beampte" 'n beampte soos omskryf in artikel 1 van die

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(Act No. 54 of 1957), who is not a White person as defined in section 1 of the Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950), and whose period of service as such an officer includes a period of service in respect of which he has not contributed to a pension fund and which is not pensionable service for the purposes of any such fund.

Regulations relating to payment of compensation and rendering of medical treatment.

**11.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, the Minister may, with the concurrence of the Minister of Finance, the Minister of Posts and Telecommunications and the Administrators, and after consultation with—

*(a)* the Minister who is responsible for the Department of National Security;
*(b)* the Minister of the Interior and Immigration;
*(c)* the Minister of Defence;
*(d)* the Minister of Police; and
*(e)* the Minister of Prisons,

make regulations which provide for the payment of compensation to or in respect of, or to a dependant of, any officer or employee who dies or is retired or discharged as a result of injury or ill-health arising out of and in the course of his employment by the Government or by any provincial administration, and for the rendering of medical treatment (including surgical or hospital treatment, skilled nursing services and the supply and repair of any artificial part of the body or any device) to such officer or employee in respect of such injury or ill-health.

(2) Regulations referred to in subsection (1), except regulations which reduce compensation, may be made with retrospective effect, and different regulations may be made in respect of different classes or categories of officers or employees.

(3) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained—

*(a)* any military service as defined in section 1 of the Military Pensions Act, 1976 (Act No. 84 of 1976), and rendered by an officer or employee, shall for the purposes of this section and the regulations made thereunder, be deemed to have been service in the Government or in the provincial administration in whose service he was during the time he rendered such military service;
*(b)* an officer or employee who renders military service or undergoes training within the meaning of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), shall, for the purposes of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of 1941), be deemed to be a workman while rendering such military service or undergoing such training.

(4) For the purposes of this section—

"employee" means any member of the Reserve Police Force established under section 34 (2) of the Police Act, 1958 (Act No. 7 of 1958), or any member of the Police Reserve established under section 34A (1) of the Police Act, 1958, or any member of the Government Employees' Provident Fund, but does not include any employee to whom the provisions of the Military Pensions Act, 1976, apply in relation to the injury or ill-health referred to in subsection (1) of this section;

"officer" means any member of the Government Service Pension Fund established under section 3 of the Government Service Pension Act, 1973 (Act No. 57 of 1973), and includes a specified officer as defined in section 10 (6) of this Act, but does not include any officer to whom the provisions of the War Pensions Act, 1976, apply in relation to the injury or ill-health referred to in subsection (1) of this section.

Employees of local authorities becoming employees of Government.

**12.** (1) If any undertaking or activity of a local authority or any power or function of a local authority in connection with the provision of any service or the administration of any area, is taken

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), wat nie 'n Blanke soos omskryf in artikel 1 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet No. 30 van 1950), is nie en wie se dienstermyn as so 'n beampte 'n diensterrnyn insluit ten opsigte waarvan hy nie tot 'n pensioenfonds bygedra het nie en wat nie pensioengewende diens vir die doeleindes van so 'n fonds is nie.

Regulasies betreffende betaling van vergoeding en verlening van geneeskundige behandeling.

**11.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings kan die Minister met die instemming van die Minister van Finansies, die Minister van Pos- en Telekommunikasiewese en die Administrateurs, en na oorleg met—

*(a)* die Minister wat vir die Departement van Nasionale Veiligheid verantwoordelik is;

*(b)* die Minister van Binnelandse Sake en Immigrasie;

*(c)* die Minister van Verdediging;

*(d)* die Minister van Polisie; en

*(e)* die Minister van Gevangenisse,

regulasies uitvaardig wat voorsiening maak vir die betaling van vergoeding aan of ten opsigte van, of aan 'n afhanklike van, 'n beampte of werknemer wat weens besering of swak gesondheid wat ontstaan uit en in die loop van sy diens by die Regering of by 'n provinsiale administrasie, sterf of afgedank of ontslaan word, en vir die verlening van geneeskundige behandeling (met inbegrip van heelkundige of hospitaalbehandeling, geskoolde verpleging en die verskaffing en herstelling van 'n kunsliggaamsdeel of 'n toestel), aan sodanige beampte of werknemer ten opsigte van sodanige besering of swak gesondheid.

(2) Regulasies bedoel in subartikel (1), behalwe regulasies wat vergoeding verminder, kan met terugwerkende krag uitgevaardig word, en verskillende regulasies kan ten opsigte van verskillende klasse of kategorieë beamptes of werknemers uitgevaardig word.

(3) Ondanks andersluidende wetsbepalings—

*(a)* word, by die toepassing van hierdie artikel en die regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is, enige militêre diens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976 (Wet No. 84 van 1976), wat deur 'n beampte of werknemer verrig is, geag diens te gewees het by die Regering of by die provinsiale administrasie in wie se diens hy ten tyde van die verrigting van sodanige militêre diens was;

*(b)* word 'n beampte of werknemer wat militêre diens verrig of opleiding ondergaan ooreenkomstig die bedoeling van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), vir die doeleindes van die Ongevallewet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), geag 'n werksman te wees terwyl hy sodanige militêre diens verrig of sodanige opleiding ondergaan.

(4) By die toepassing van hierdie artikel beteken—

„beampte" 'n lid van die Regeringsdienspensioenfonds ingestel kragtens artikel 3 van die Regeringsdienspensioenwet, 1973 (Wet No. 57 van 1973), en ook 'n bepaalde beampte soos omskryf in artikel 10 (6) van hierdie Wet, maar nie ook 'n beampte op wie die bepalings van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, met betrekking tot die besering of swak gesondheid in subartikel (1) van hierdie artikel bedoel van toepassing is nie;

„werknemer" 'n lid van die Reserwepolisiemag ingestel kragtens artikel 34 (2) van die Polisiewet, 1958 (Wet No. 7 van 1958), of 'n lid van die Polisiereserwe ingestel kragtens artikel 34A (1) van die Polisiewet, 1958, of 'n lid van die Regerings-werknemersondersteuningsfonds, maar nie ook 'n werknemer op wie die bepalings van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, met betrekking tot die besering of swak gesondheid in subartikel (1) van hierdie artikel bedoel, van toepassing is nie.

Werknemers van plaaslike besture wat werknemers van Regering word.

**12.** (1) Indien 'n onderneming of bedrywigheid van 'n plaaslike bestuur of 'n bevoegdheid of werksaamheid van 'n plaaslike bestuur in verband met die verskaffing van 'n diens of die

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



over by the Government or ceases to be controlled, exercised or performed by a local authority by virtue of any action taken in terms of an Act of Parliament, and the Minister with the concurrence of the Minister of Finance in respect of a specified local authority agrees thereto, then, notwithstanding anything to the contrary in any law contained but subject to the provisions of subsections (2), (3) and (4)—

(*a*) the period of previous pensionable service of any affected officer of such local authority who becomes or shall become a member of the Government Service Pension Fund or the Government Employees' Provident Fund with effect from the fixed date in terms of any law, shall be reckoned as pensionable service for the purposes of the fund of which he so becomes or shall so become a member;

(*b*) any affected officer of such local authority who becomes with effect from the fixed date a non-White employee as defined in section 1 of the Government non-White Employees Pensions Act, 1966 (Act No. 42 of 1966), shall, with effect from the said date, become a member of the Government Non-White Employees' Pension Fund, and shall contribute to the said pension fund in accordance with regulations made under section 2 of that Act, and the period of his previous pensionable service shall be reckoned as pensionable service for the purposes of the said pension fund.

(2) If the previous pensionable service of an affected officer is reckoned as pensionable service in terms of subsection (1) for the purposes of the Government Service Pension Fund or the Government Employees' Provident Fund or the Government Non-White Employees' Pension Fund, there shall, notwithstanding anything to the contrary in any law contained or the rules or regulations governing the applicable pension fund, be paid by the last-mentioned pension fund to the Government Service Pension Fund or the Government Employees' Provident Fund or the Government Non-White Employees' Pension Fund, as the case may be, in respect of such previous pensionable service—

(*a*) an amount which is equal to the amount or the transfer value which would have been payable in terms of the provisions of the laws or the rules or regulations governing the applicable pension fund if the affected officer concerned was transferred or directly appointed to the service of another local authority having a different pension fund or associated with a different pension fund or, if no amount would have been so payable, an amount which the Minister or an officer of the Department of Social Welfare and Pensions authorized thereto by the Minister, may determine after consultation with the management of the applicable pension fund concerned, with due regard to the circumstances of a specified case or category of cases;

(*b*) interest calculated at 5,5% per annum on the amount referred to in paragraph (*a*), compounded annually as at 31 March, and calculated from the fixed date to the date on which the said amount is paid to the pension fund or provident fund in question in terms of this subsection.

(3) If the total of the amounts to be paid to the Government Service Pension Fund or the Government Employees' Provident Fund or the Government Non-White Employees' Pension Fund in terms of subsection (2) (*a*) and (*b*)—

(*a*) is less than the amount to be paid in terms of the regulations governing the Government Service Pension Fund or the Government Employees' Provident Fund or the Government Non-White Employees' Pension Fund, as the case may be, in respect of the previous pensionable service of the affected officer concerned in order to reckon such previous pensionable service for

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



administrasie van 'n gebied, deur die Regering oorgeneem word of uit hoofde van stappe ingevolge 'n Wet van die Parlement gedoen, ophou om deur 'n plaaslike bestuur beheer, uitgeoefen of verrig te word, en die Minister met die instemming van die Minister van Finansies ten opsigte van 'n bepaalde plaaslike bestuur daartoe instem, word, ondanks andersluidende wetsbepalings maar behoudens die bepalings van subartikels (2), (3) en (4)—

*(a)* die tydperk van vorige pensioengewende diens van 'n geaffekteerde beampte van sodanige plaaslike bestuur wat met ingang van die vasgestelde datum ingevolge die een of ander wet 'n lid van die Regeringsdienspensioenfonds of die Regerings-werknemersondersteuningsfonds word of moet word, as pensioengewende diens gereken vir die doeleindes van die fonds waarvan hy aldus 'n lid word of moet word;

*(b)* 'n geaffekteerde beampte van sodanige plaaslike bestuur wat met ingang van die vasgestelde datum 'n nie-blanke werknemer word soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Pensioene vir Nie-blanke Regeringswerknemers, 1966 (Wet No. 42 van 1966), met ingang van gemelde datum 'n lid van die Pensioenfonds vir Nie-blanke Regeringswerknemers, en dra hy ooreenkomstig die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 2 van daardie Wet tot bedoelde pensioenfonds by, en word die tydperk van sy vorige pensioengewende diens as pensioengewende diens vir die doeleindes van bedoelde pensioenfonds gereken.

(2) Indien die vorige pensioengewende diens van 'n geaffekteerde beampte ingevolge subartikel (1) as pensioengewende diens vir die doeleindes van die Regeringsdienspensioenfonds of die Regerings-werknemersondersteuningsfonds of die Pensioenfonds vir Nie-blanke Regeringswerknemers gereken word, word daar, ondanks andersluidende wetsbepalings of die reëls of regulasies betreffende die toepaslike pensioenfonds, deur laasgenoemde pensioenfonds aan die Regeringsdienspensioenfonds of die Regerings-werknemersondersteuningsfonds of die Pensioenfonds vir Nie-blanke Regeringswerknemers, na gelang van die geval, ten opsigte van sodanige vorige pensioengewende diens betaal—

*(a)* 'n bedrag wat gelykstaan met die bedrag of die oordragwaarde wat ingevolge die wette of die reëls of regulasies betreffende die toepaslike pensioenfonds betaalbaar sou gewees het indien die betrokke geaffekteerde beampte oorgeplaas was na of regstreeks aangestel was in diens van 'n ander plaaslike bestuur wat 'n ander pensioenfonds het of met 'n ander pensioenfonds geassosieer is, of, indien geen bedrag aldus betaalbaar sou gewees het nie, 'n bedrag wat die Minister of 'n beampte van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene deur die Minister daartoe gemagtig, na oorleg met die bestuur van die betrokke toepaslike pensioenfonds, met inagneming van die omstandighede van 'n bepaalde geval of kategorie gevalle, bepaal;

*(b)* rente bereken teen 5,5% per jaar op die bedrag bedoel in paragraaf *(a)*, jaarliks saamgestel soos op 31 Maart, en bereken vanaf die vasgestelde datum tot die datum waarop bedoelde bedrag aan die betrokke pensioenfonds of ondersteuningsfonds ingevolge hierdie subartikel betaal word.

(3) Indien die totaal van die bedrae wat ingevolge subartikel (2) *(a)* en *(b)* aan die Regeringsdienspensioenfonds of die Regerings-werknemersondersteuningsfonds of die Pensioenfonds vir Nie-blanke Regeringswerknemers betaal moet word—

*(a)* minder is as die bedrag wat ingevolge die regulasies betreffende die Regeringsdienspensioenfonds of die Regerings-werknemersondersteuningsfonds of die Pensioenfonds vir Nie-blanke Regeringswerknemers, na gelang van die geval, ten opsigte van die vorige pensioengewende diens van die betrokke geaffekteerde beampte betaal moet word ten einde sodanige vorige

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



the purposes of the one or the other of the aforementioned funds, the deficiency shall be paid from revenue to the fund concerned;

(*b*) exceeds the amount referred to in paragraph *(a)*, the surplus shall be paid to the affected officer concerned by the applicable pension fund.

(4) If an affected officer before the fixed date in writing notifies the Secretary that he wishes his previous pensionable service not to be reckoned as pensionable service in terms of subsection (1), such previous pensionable service shall not be reckoned as pensionable service in terms of that subsection.

(5) If any person who was in the employ of a local authority, without a break in his service or after such break in his service as the Secretary may approve, becomes a member of a pension fund, and is seconded for service to a local authority in a country or area which immediately before 1 July 1973 was a part of the Republic, the Minister, with the concurrence of the Minister of Finance, may declare that the provisions of this section shall apply with reference to such person, and thereupon such provisions shall *mutatis mutandis* apply with reference to such person as if a take-over referred to in subsection (1) took place on the date on which he was so seconded for service and such person is an affected officer and such date is the fixed date referred to in subsection (4).

(6) For the purposes of this section—

"affected officer" means any person who immediately before the fixed date was in the employ of a local authority in or in connection with any undertaking or activity or the provision of any service or the administration of any area referred to in subsection (1) and who immediately before the fixed date was a member of an applicable pension fund;

"applicable pension fund", in relation to a specified affected officer, means a superannuation, pension or provident fund or scheme established by or under any law or otherwise for the benefit of the employees of the local authority in whose service such affected officer was immediately before the fixed date, or established for the benefit of the employees of such local authority and of any other local authority or local authorities, and to which such affected officer contributed immediately before the fixed date and which has been approved by the Minister for the purposes of this section;

"fixed date" means the date on which any undertaking or activity of a local authority or any power or function of a local authority in connection with the provision of any service or the administration of any area is taken over as contemplated in subsection (1) or ceases to be controlled, exercised or performed by a local authority, or the date on which a person in the service of a local authority, with a view to such take-over and with the approval of the Minister, is appointed in the service of the Government;

"Government" includes a provincial administration and any authority or body established by or under an Act of Parliament and which has been designated by the Minister for the purposes of this section;

"local authority" means an institution or a body contemplated in section 84 (1) *(f)* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), or an institution or a body approved by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance for the purposes of this section;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



pensioengewende diens vir die doeleindes van die een of ander van voormelde fondse te reken, word die tekort uit inkomste aan die betrokke fonds betaal;

*(b)* meer is as die bedrag in paragraaf *(a)* bedoel, word die oorskot deur die toepaslike pensioenfonds aan die betrokke geaffekteerde beampte betaal.

(4) Indien 'n geaffekteerde beampte voor die vasgestelde datum die Sekretaris skriftelik in kennis stel dat hy verlang dat sy vorige pensioengewende diens nie ingevolge subartikel (1) as pensioengewende diens gereken moet word nie, word sodanige vorige pensioengewende diens nie ingevolge daardie subartikel as pensioengewende diens gereken nie.

(5) Indien iemand wat in die diens van 'n plaaslike bestuur was, sonder onderbreking in sy diens of na die onderbreking in sy diens wat die Sekretaris goedkeur, 'n lid van 'n pensioenfonds word, en vir diens aan 'n plaaslike bestuur in 'n land of gebied wat onmiddellik voor 1 Julie 1973 'n deel van die Republiek was, afgestaan word, kan die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, die bepalings van hierdie artikel met betrekking tot bedoelde persoon van toepassing verklaar, en daarop is sodanige bepalings *mutatis mutandis* met betrekking tot bedoelde persoon van toepassing asof 'n oorname bedoel in subartikel (1) op die datum waarop hy aldus vir diens afgestaan is, plaasgevind het en sodanige persoon 'n geaffekteerde beampte en sodanige datum die vasgestelde datum bedoel in subartikel (4) is.

(6) By die toepassing van hierdie artikel beteken—

„geaffekteerde beampte" iemand wat onmiddellik voor die vasgestelde datum in diens was van 'n plaaslike bestuur in of in verband met 'n onderneming of bedrywigheid of die verskaffing van 'n diens of die administrasie van 'n gebied in subartikel (1) bedoel en wat onmiddellik voor die vasgestelde datum 'n lid van 'n toepaslike pensioenfonds was;

„inkomste", met betrekking tot 'n geaffekteerde beampte wat met ingang van die vasgestelde datum—

*(a)* in diens van die Regering is, behoudens paragraaf *(b)* van hierdie omskrywing die Staatsinkomstefonds;

*(b)* in diens van 'n provinsiale administrasie is, die betrokke provinsiale inkomstefonds;

